**PUKKE!**
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**

die
# WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

JAARGANG XXXV NOMMER 20 3 OKTOBER 1980

# AWB staan 'n partylose volkstaat voor vir SA

— Johan Potgieter en Eugene Gunning —

**DIE AWB is nie 'n politieke party nie. Dit is 'n volksbeweging wat 'n partylose volkstaat voorstel.**

Mnr Eugene Terre Blanche, leier van die Afrikaner Weerstand Beweging, het Woensdag, 24 September op 'n Kontakpolitiekvergadering gesê dat die AWB nie uit haat en nyd gebore is nie, maar uit nood. Ter stawing haal hy mnr Motlana aan wat by geleentheid gesê het dat die witman nie meer rustig kan slaap nie.

Mnr Terre Blanche het gesê ons het 'n punt bereik waar ons onderhandel oor dít waarvoor ons vaders gesterf het. As 'n mens begin om te onderhandel, dan erken 'n mens dat hy verloor het. Hy het na die Indiër verwys as 'n „ekonomiese eksploiteerder".

Mnr Terre Blanche het die volgende uitgangspunte as riglyne vir die AWB gestel:

● Die AWB staan vir apartheid, nie omdat hulle daardeur wil diskrimineer nie, maar omdat die AWB glo dat swartmense anders is.

● Die konsekwente toepassing van die ontugwet, omdat dit nie onchristelik is nie — 'n gepeuter daarmee sal tot verbastering lei, wat uiteindelik die ondergang van die blanke sal beteken.

● Die AWB is sterk ten gunste van werkreservering, omdat die swartman in die tuislande genoeg werk het en geen rede het om in die wit gebiede die witman sy werk te ontneem nie.

● Geen gemengde of swart vakbonde nie.

● Geen blanke grond aan swartes nie.

Alle swartes moet in dié tradisionele tuislande hervestig word vanwaar hulle oorspronklik kom. Suid-Afrika moet sy blanke buurstate bystaan en openlik gewapende magte na Zimbabwe stuur om hom te help in sy stryd teen swart oorheersing.

Mnr Terre Blanche sê die AWB diskrimineer nie, maar elke individu het die reg om te assosieer met wie hy wil. Hy verwys na die „kwasi-humaniste" wat konsuis die swartman probeer help.

Mnr Terre Blanche stel voor dat daar 'n tuisland vir Kleurlinge gevind moet word. Grond wat in die verkeerde hande is, moet volgens die AWB gekonfiskeer word en aan die volk teruggegee word.

Suidwes-Afrika is 'n mandaat van die Republiek en die AWB sal hom nooit afstaan aan die VVO of die Kommuniste nie. Mnr Terre Blanche haal die vorige Eerste Minister aan dat niemand, nóg die Weste, nóg die VVO, oor die toekoms van Suid-Afrika sal besluit nie.

Mnr Terre Blanche spreek homself ook sterk uit teen besluite wat die Afrikaner sy kultuur ontneem, byvoorbeeld die volksplantingsdag op 6 April. Die dag is aanvanklik eers weggeneem en toe later teruggebring as stigtersdag. Dit is volgens mnr Terre Blanche verregaande om van die Afrikaner te verwag om dit so te aanvaar.

## Beleidmanifes

Oor die beleidsmanifes van die AWB het mnr Terre Blanche gesê dat daar 'n politieke gesagsliggaam moet wees met die spesifieke regte en pligte. Die politieke liggaam bepaal 'n nasionale strategie ten opsigte van: Verhoudingspolitiek, Binnelandse veiligheid, Verdediging, Ekonomie, Buitelandse sake.

Die politieke leier (President) moet uitvoerend optree en alle aanspreeklikheid vir nasionale strategie aanvaar.

## Volksverteenwoordigers

Die lede van die Volksraad word verkies deur middel van 'n blanke gekwalifiseerde stem wat by wyse van indeling van aanverwante beroepe en bedrywe, direkte raadgewende, wetgewende seggenskap in die funksionerende staatstruktuur het. Uit elke beroep of bedryf word 'n doeltreffende verteenwoordigende aantal persone verkies wat op 'n ministersraad dien. Een uit elke belangegroep word deur die President aangewys as minister van die betrokke groep.

Sodoende word die beste breinkrag van die volk benut; boere sal dus deur boere verteenwoordig word, nyweraars deur nyweraars ensovoorts.

Mnr Terre Blanche het na 'n lang oop bespreking die opmerking gemaak dat dit lyk of al die vraestellers hulle daarop beroem dat hulle Teologie studeer.

# OB-leier se borsbeeld aan versameling geskenk



● *Die borsbeeld van wyle dr J F J van Rensburg, kommandant-generaal en leier van die OB-beweging. Dit is op 15 September onthul deur sy weduwee, mev Kathy van Rensburg.*

**IN Februarie 1979 is daar by 'n saamtrek van die Ossewa-Brandwag se oud-lede die wens uitgespreek dat 'n borsbeeld van wyle dr J F J van Rensburg, kommandant-generaal en leier van die OB-beweging, gemaak moet word. Die OB was in hoofsaak 'n weerstandsbeweging teen die deelname van Suid-Afrika aan die Tweede Wêreldoorlog.**

Die borsbeeld is toe laat maak en is aan die PU se OB-versameling geskenk deur mnre H C Luitingh, Gert Beetge en Nic Coetzee. Die beeldhouer was mnr Johan Steynberg.

Dr Van Rensburg se weduwee, mev Kathy van Rensburg, het die beeld op 15 September onthul. Dit sal in die OB-argief en -museum van die Ferdinand Postma-biblioteek bewaar word.

Die rektor, prof T van der Walt, het gesê dat dié beweging die Afrikaner geïnspireer het soos geen ander dit kon doen nie. Hy het die hedendaagse politieke onbetrokkenheid van die Afrikaner in hierdie verband betreur.

# ● *Koshuisverslag*
# Studente sal voordeel trek uit aanbevelings

— Hansie Vermeulen —

**UIT die verslag van die Kommissie insake Koshuisaangeleenthede blyk dit dat die aanbevelings, waarvan sommige werklik ingrypende veranderings tot gevolg kan hê, 'n eerlike poging is om die omstandighede in die koshuise so aangenaam as moontlik vir die student te maak.**

Die Raad van die Universiteit het reeds die verslag onder oë gehad en daar word nou aandag geskenk aan die bevindings en aanbevelings.

Die kommissie het dit as hulle strewe gestel om sover moontlik te probeer voldoen aan die redelike begeertes van die studente, om losiesgeriewe so ekonomies moontlik aan studente beskikbaar te stel, en om die beskikbare geriewe aan die Universiteit so goed moontlik met mekaar te integreer.

Omdat lawaai geïdentifiseer is as die grootste hindernis in die koshuise, het die kommissie o.a. aanbeveel dat vaste stiltetye in elke koshuis ingestel moet word waartydens besoeke oor en weer in kamers verbied word.

Die kommissie meen dat die gebruik om karnavalkompetisies op koshuisgrondslag te desentraliseer, bydra tot dié onrustigheid wat by koshuise heers. In 'n poging om 'n rustiger atmosfeer in koshuise te skep, word daar dus aan die hand gedoen dat daar gekyk moet word na die moontlikheid om dié kompetisies op 'n ander grondslag te hou, moontlik dié van fakulteite, beroepsgroepe, ensovoorts.

Omdat die ontruiming van kamers voor vakansies 'n groot klagte was, is daar ook aanbeveel dat kamers nie ontruim word vir skoonmaakdoeleindes nie.

Die gebruik om kamers ter wille van besoekers te ontruim, moet gestaak word, indien moontlik.

Daar is aanbeveel dat Uitspan gereserveer moet word vir besoekers aan die kampus.

Daar word aanbeveel dat die Universiteit ernstig oorweging daaraan moet skenk om koshuistariewe te differensieer. Soos sake tans is, is daar studente wat meer vir hulle koshuisgeld ontvang as ander; sommige woon in moderner kamers as ander, sommige het enkelkamers en ander nie, sommige eet drie volle maaltye per dag en ander nie, ensovoorts. Differensiasie lyk dus nodig.

Om groter getalle seniors in koshuise te behou, moet sodanige seniors geïsoleer word van die irritasies wat hulle uit die koshuise dryf. Dit kan gedoen word deur koshuise aan te wys waarin hoofsaaklik, of slegs seniors gehuisves word.

Wat koshuisreëls wat skaaf betref, voel die kommissie dat die Koshuisraad, die SSR-HK-kamp, die koshuisbeheerraad en dergelike liggame voldoende is om die probleme op te los. Die kommissie

(Vervolg op bl 3)

## Kaf. toe

**'n Stigtingsvergadering van 'n nuwe landbou-organisasie word Vrydag 3 Oktober, in die studentesentrum gehou en dus sal die studentesentrum vir studente en die publiek gesluit wees.**

SAMPI en SAMSO, bekende landbou-organisasies, het na 'n lang stryd tot 'n vergelyk gekom en het besluit om die twee organisasies te ontbind en 'n nuwe te stig. Ongeveer 500 boere sal die stigtingsvergadering bywoon.

Damestudente van die Huishoudkunde Departement sal help met bediening van tee en etes wat in die studentesentrum aangebied sal word.

## Karnaval '81

**DAAR word tans fluks gevorder met die organisasie van Karnaval '81.**

Daar is vanjaar besluit om weg te doen met diskriminasie en mans kan hulself ook nou beskikbaar stel as debutante, maar tot dusver is die reaksie uiters teleurstellend.

Die plig van 'n debutant is om geld in te samel. Die wenner word aangewys volgens die hoeveelheid wat hy/sy ingesamel het. (Debutante word nié volgens hulle uiterlike beoordeel nie!) Die persoon wat die meeste geld insamel, kan 'n Opel Kadett wen. Daar is ook tien tweede pryse van R100 elk.

Voornemende debutante kan hulle inskrywings Donderdae en Vrydae by die Karnavalkantoor tussen 13h00 en 14h00 inhandig.

## Regte

Prof W E Scott is as dekaan van die fakulteit Regte verkies. Hy neem die plek van prof H N Pretorius in, wie se termyn as dekaan aan die einde van die jaar verstryk. 'n Adjunk-dekaan word op 1 Oktober deur die Fakulteitsraad vir die termyn 1981-1983 gekies.

Dr L M du Plessis is bevorder tot professor in Regsfilosofie en mnr I Vorster tot mede-professor in Privaatreg.

## Ongeluk

**DIE dosente wat in 'n ngeluk betrokke was op ad na die SAIBI-kongres n Kaapstad, het dié naeek na Potchefstroom eruggekeer.**

Prof Harrie van Rooy et 'n beenbesering opgeoen en sal dus 'n tydlank uite aksie wees. Dit gaan oed met al die dosente ehalwe dat almal nog an skok ly.

# die WAPAD

## ASB

Die ASB-hoofbestuur het verlede naweek by hul jaarlikse beraad weer indringend na die ASB se rol in die politiek gekyk en ook riglyne neergelê vir die komende termyn. Die volgende kan as die belangrikste uitgesonder word:

● **Politieke denke**

Die ASB moet vir 'n wye spektrum van politieke denke voorsiening maak.

● **Lands- en lewensvraagstukke**

Die ASB moet lands- en lewensvraagstukke op 'n akademiese en prinsipieel verantwoordbare manier bestudeer en evalueer. Geleenthede moet geskep word om daadwerklik aandag hieraan te gee.

● **Kontak**

Die ASB moet kontak op formele en informele vlak, onderling en met ander kultuurgroepe, beklemtoon ten einde wedersydse begrip en waardering te kweek. Hieroor is verder besluit dat kontakgeleenthede (byvoorbeeld konferensies) met 'n verskeidenheid van groepe gereël sal word (anderskleuriges en alle belangstellendes mag byvoorbeeld volgende jaar se kunsfees op Stellenbosch bywoon, solank hulle Afrikaanssprekend is). Formele kontak sal met leiers van nasionale state gemaak word. Die hoofbestuur het besluit dat gemeenskaplike belange as uitgangspunt gestel sal word in kontak met radikale en gematigde gemeenskapsleiers en groepe, maar ook dat daar oor verskille kaalkop gepraat sal word. Die ASB sal op 'n Christelik-nasionale basis onderhandel by kontakgeleenthede en omdat hulle wedersydse respek vir mekaar se kulture onderskryf en wil bevorder, wil hulle 'n forum vir wyduiteenlopende standpunte skep.

● **Studente betrek**

Die ASB wil leidinggewend optree in die politieke meningsvorming van studente. Om dit te kan bereik moet 'n groot bekendstellingsveldtog van stapel gestuur word — ná kontakgeleenthede, studies en ander aktiwiteite sal daar byvoorbeeld inligting daaroor onder studente versprei word.

## Die ASB en Polstu

Die voorsitter van die PU se studenteraad asook verskeie ander lede is betrokke by Polstu. Omdat die PU se betrokkenheid by die ASB dalk in gedrang kan kom as sake tussen Polstu en die ASB tot 'n spits gedryf word, is die volgende belangrik:

● Die ASB is 'n kultuurorganisasie wat werk op die terrein van die Afrikaner en dié se betrokkenheid en toekoms in SA. Polstu is 'n politieke organisasie wat op die breë politieke terrein met al die belanghebbendes in SA werk. Daarom kan studenteleiers 'n rol in albei speel en moet die een nie ten koste van die ander skade aangedoen word nie.

● Die ASB wil voorsiening maak vir 'n wye spektrum van politieke denke. Dié wat voel dat die ASB geen bydrae kan lewer tot die breë landspolitiek nie, moet egter die geleentheid benut om binne die ASB 'n rol te speel in die politieke meningsvorming van die Afrikaanse student.

● Op ons oorwegend Afrikaanse kampus, maar moontlik ook op nasionale vlak, kan die ASB en Polstu net daarby baat as gereelde kontakgeleenthede gereël word waar lands- en lewensvraagstukke vanuit die verskillende hoeke bespreek kan word, veral omdat die ASB en Polstu se standpunte oor akademiese ondersoek en kontak met andersdenkendes baie ooreenstem.

*Die winter van 29 September .....*




DIE WAPAD DIE WAPAD DIE WAPAD

**Vakature: Administratiewe Bestuurder (Halfdag)**

1. **Pligte**
   - behartig die administrasie van Die Wapad
   - is die kernredaksie, advertensiebestuurder en penningmeester behulpsaam in die uitvoering van hulle pligte
   - is behulpsaam met interne en eksterne skakeling
   - behartig die verspreiding van Die Wapad
2. **Werksomstandighede**
   Die Administratiewe Bestuurder
   - is direk verantwoordelik aan die Hoofredakteur
   - werk jaarliks vanaf die begin van die week voor die eerste uitgawe ter perse gaan tot die einde van die week waarin die laaste uitgawe verskyn
   - werk nie tydens amptelike universiteitsvakansies en eksamentye nie
   - moet 'n totaal van vyftien uur per week op vaste tye soos vooraf met die Hoofredakteur ooreengekom, werk, met dien verstande dat dit oor minstens vier dae van die week versprei word.
3. **Aanbevelings**
   - Vorige soortgelyke ondervinding
   - Kennis van administrasie en bestuurswerk
   - Kennis van en ondervinding in die georganiseerde studentelewe
   - Vaardigheid in tik
4. **Salaris en voordele**
   - Die salaris is R30,00 per week (slegs vir ure gewerk)
   - Benewens vakansie- en eksamentye word nog tien dae verlof per jaar toegestaan
5. **Diensaanvaarding**
   Die begin van 1981
6. **Aansoeke**
   - Knip die aansoekvorm uit en stuur dit voor Saterdag 11 Oktober 1980 aan: Die Redakteur, Die Wapad, PU vir CHO, Potchefstroom, 2520.
   - Getuigskrifte en bewyse van kwalifikasies en ondervinding moet aangeheg word
   - Nadat die aansoek ontvang is, sal aansoekers genader word vir persoonlike onderhoude
   - Mans en dames is welkom om aansoek te doen
7. **Verdere inligting kan verkry word by:**
   Izak Minnaar
   Oude Molen w/s 108
   Molenstraat 83
   POTCHEFSTROOM
   Tel. 21576

Ek wil graag aansoek doen vir die pos van Administratiewe Bestuurder by Die Wapad. Hier is my besonderhede:

Naam: Mnr/Mev/Mej ..............................

Adres:.............................. Tel:..............................

Studentenommer:.................... Ouderdom:....................

Vorige ondervinding:..............................

..............................

Studierigting/beroep:..............................


UIT NO. 13

# „AWB beskryf hulself goed"

Geagte Redakteur — "... the AWB has become a symbol of unbudging, uncompromising and often unreasonable Afrikaner 'verkramptheid'. It is supposed to be composed of ultra right-wing lunatics, who take pleasure in going around, looking for cripples to trip up, for old ladies to steal from, for blacks to bash or lavatory walls to write mottos on".

Dit is nogal verbasend hoe raak die AWB hulleself beskryf in hulle propagandaboekie "Sweepslag" (mondstuk van die AWB Jaargang I Vol I Bls 14). Die leiers van die AWB ken hulself die reg toe om te sê dat die Suid-Afrikaanse soldate op die grens vir blanke Suid-Afrika veg.

Die AWB wil homself ook die reg toe-eien om te sê dat die swart werkers in Suid-Afrika nie die reg het om 'n vakbond te hê om sodoende griewe aan die regering oor te dra nie:

Die Ontugwet is volgens die AWB nie onchristelik nie. Die wet werk net verbastering teë. Dit is jammer dat hulle uit die oog verloor dat alle ontug onchristelik is en nie net ontug oor die kleurskeidslyn nie.

Ek wonder hoe goedgunstelik ons AWB-vriende daaraan gaan sluk as hulle hul tuistes moet verlaat en op 'n nuwe onontwikkelde gebied afgegooi word. Dit is tog onredelik om van iemand te verwag om sy werk en geboorteland op te gee omdat 'n wit weerstandsbeweging bang is vir die kompetisie van die swartman.

Dit is vir my weersinswekkend om te sien dat die AWB ywerige voorstanders van geweld is. Dit lei 'n mens in die eerste plek van die naam af. Tweedens spreek dit AWB hom ten gunste daarvan uit om Suid-Afrikaanse soldate na Zimbabwe te stuur om die blankes van hulle sogenaamde swart onderdrukkers te bevry.

Dit is net jammer dat die Matabeles voor die blankes in Rhodesië was en dus op sogenaamde erfreg kan aanspraak maak. Ook wil die AWB in plaas van om 'n voorbeeld te neem van vreedsame naasbestaan in SWA, weereens met geweld probeer om 'n probleem op te los wat net in hulle wildste

(Vervolg op bl. 3)

# Hombré gee perspektief

**Geagte Redakteur — NA aanleiding van 'n berig in Die Wapad van 19 September betreffende die oriënteringsverslag wat deur eerstejaars in koshuise ingevul is, wil ons graag die aangeleentheid beter toelig ten einde die saak in sinvolle perspektief te stel.**

My uitgangspunt is geensins om refleksie op enige persoon of instansie te werp of om die betroubaarheid van die verslag in eie belang in 'n swak lig te stel nie — bloot om aan die leser die ware feite aan die lig te bring.

In die eerste plek is die ondersoeke geloods in 'n stadium toe 'n eerstejaar se denke nog aan vorming en ontwikkeling onderhewig was en hy nog besig was om sy voete te vind. Na my mening kan 'n mens op daardie stadium van die jaar (einde Mei) geen waarde heg aan die uitsprake van eerstejaars betreffende oriëntering nie. Uit die aard van die saak is sy oordeel heelwaarskynlik subjektief en eensydig.

In die verslag word Hombré-koshuis in 'n uiters swak lig gestel, onder andere deur 'n aanduiding dat sestig persent van Hombré se mans tydens oriëntering na drank geruik het. Die geloofwaardigheid van die verslag word in twyfel getrek deur die feit dat bevind is dat 22 persent van Klawerhof se dames na drank geruik

(Vervolg op bl. 4)

## Ssr kommentaar

**OP die afgelope SSR-beplanningsvergadering het die probleme van die afgelope termyn onder bespreking gekom en is in die jaarbeplannings van die komende termyn gepoog om sover moontlik hierdie probleme te ondervang. Volgens mnr Jan-Louis du Plooy spreek hierdie jaarbeplannings van 'n positiewe gesindheid en nuwe inisiatief is aan die dag gelê. 'n Algemene strekking van die portefeuljehouers se beplannings is dat dit baie sterk intern gerig is met ook die nodige klem op skakeling en die beeld van die PU na buite. 'n Baie goeie begin is gemaak vir 'n belowende jaar.**

● Die gesamentlike vergadering van die SSR met die SR van die Vaalriviertak is uitgestel weens akademiese verpligtinge aan die kant van die Vaalrivier-SR.

**Dit is te betreur dat daar met so 'n belangrike skakeling gesloer moet word. Ná 'n termyn waarin daar feitlik geen skakeling met die Vaal-Pukke was nie (en ook geen jaarbeplanning om so 'n skakeling te bewerkstellig nie) is dit met groot verwagting wat ons kennis neem van 'n deeglike jaarbeplanning wat deur Corné Mulder ingedien is in dié verband. Ons vertrou dat daar hierdie jaar erns gemaak sal word met hierdie saak wat dringend aandag nodig het.**

● Eerskomende Donderdagaand op 2 Oktober vind 'n byeenkoms van alle studenteleiers waaronder die SSR, HK's en dagbesture van Rade saam met lede van die Bestuurskomitee, huisvaders, Studenteburo en ander betrokkenes plaas. Dié byeenkoms sal hoofsaaklik gaan om vroegtydige aanbevelings oor oriëntering vir volgende jaar, ASB-affiliasie en die kampusgees.

**Die doel van dié byeenkoms is om te verhoed dat daar soveel onnodige tyd op Kampusfokus verlore gaan as gevolg van 'n sinnelose gespreksvoering oor dinge waaroor daar alreeds besluit is. Hierdie gesprek behoort sinvol gebruik te kan word waar daar nog ontevredenheid oor die oriënteringsprogram bestaan. Op dié manier kan verhoed word dat ons telkens die boot mis. Ons vertrou dat al die betrokke partye die nodige openheid teenoor mekaar sal hê. — H.V.**

# Polstu se nuwe kampusbestuur stel doelwitte

**DIE Polstu-tak op die PU het onlangs sy bestuur vir die 1980/81-termyn verkies.**

Op 'n Polstu-vergadering gehou op Woensdag 24 September, is die volgende persone verkies om die Polstuleisels op die PU op te neem: Thinus du Plessis (voorsitter), John Potgieter (ondervoorsitter), Leencke Heunis (sekretaresse), Dirk Postma (penningmeester) en André Howard (addisionele lid). 'n Redakteur moet nog deur die bestuur aangewys word.

Die bestuur het onmiddellik aan die werk gespring en 'n grondwetkommissie aangestel onder voorsitterskap van die ondervoorsitter. Die ander lede van die kommissie is mnre André van der Walt en Frans Bekker.

Die voorsitter het ná die verkiesing die volgende doelwitte gestel: Polstu moet die milieu skep waarin studente op kritieswetenskaplike wyse deel kan hê aan die politieke debat in Suid-Afrika. Polstu moet ook die geleentheid skep vir 'n oop politieke gesprek waar standpunte wedersyds geslyp word en 'n politieke bewusmakingsproses plaasvind.



● *Die bestuur van Polstu op die PU-kampus. Voor is Thinus du Plessis (voorsitter), Leencke Heunis (sekretaresse), John Potgieter (onder-voorsitter) en agter André Howard (addisionele lid). Dirk Postma is as penningmeester verkies.*

## Radio Puk kry goeie kritiek

**RADIO-PUK het die afgelope tyd besonder gunstige kritiek uit verskeie oorde ontvang, onder andere van „Perdeby" en Radio-Rhodes.**

Die „Perdeby", UP se studentekoerant, het Radio-Puk bo alle ander Universiteitsradiostasies uitgesonder as een van die beste studente-radiostasies. Verder het Radio-Rhodes met Radio-Puk geskakel en die bestuur van hulle besondere goeie indruk van ons eie stasie verwittig.

Radio-Puk beoog om die Tukkies te wys hoe hier by Radio-Puk te werk gegaan word. Daar sal op 7 Oktober tussen 10h00 en 14h30 deurlopende uitsending uit die Radio-Puk-ateljee wees. Die aand sal die Tukkies op Kaas-en-Wyn getrakteer word deur die lede van Radio-Puk.

Die nuwe bestuur van Radio-Puk vir 1981 is as volg:

Voorsitter — Willem Vogel, Administratief — Frik Barnard, Bedryf — Koos Erasmus, Diskoteek — Gerdus Potgieter, Programme — Petro van Tonder, Penningmeester — John Haarhoff, Operateurs — Pieter Burger, Sekretaresse — Eileen Whittaker, Omroepsters — Ester le Roux, Advertensies en Reklame — Zelda Bands.

Die SSR-lid belas met Radio-Puk-sake vir 1980/81 is Lappies Labuschagne. Volgens hom sal die beoogde uitbreidings vir Radio-Puk eers ter syde gestel moet word.

Indien daar persone is wat belangstel om by Radio-Puk aan te sluit, kan hulle tussen 15h30 en 16h30 op 7 en 8 Oktober by die ateljee bo in die Studentesentrum gaan aanklop vir keuring.

(Vervolg van bl. 2)

drome bestaan.

Wit Suid-Afrikaners is nie beter as hulle swart landgenote op grond van hulle kleurverskil nie. As dit wel die geval is, waarom is die AWB dan bang vir die swartman se kompetisie?

Miskien wil ons AWB-vriende net hulle onvermoë agter 'n rookskerm van geweld verbloem.

**John Potgieter**

(Vervolg van bl 1)

het in dié verband geen aanbevelings gedoen nie.

Sover dit struktuurveranderingsaspekte aangaan, word vir die langtermyn aan die hand gedoen dat daar by die bou van nuwe koshuise meer gekonsentreer moet word op enkelkamers as op dubbelkamers.

Na aanleiding van 'n klagte oor te min warm water, beveel die kommissie aan dat die Tegniese Departement versoek moet word om ondersoek in te stel na die ontwerp en installasie van 'n sonverhittingstelsel by manskoshuise om warm water vir die spitstye te verskaf.

Betreffende nuwe strukture wat oorweeg word, word onder andere gedink aan die verskaffing van getroude kwartiere. Daar word gedink aan die ombouing van 'n deel van Skuurkoshuis (ná die voltooiing van die Dampadkoshuis), in klein woonsteleenhede wat tot die beskikking van getroude studente gestel kan word.

## The Gods Must Be Crazy

**—Rudolph Willemse —**

**JAMIE UYS se nuwe film „The gods must be crazy" is skreeusnaaks, dog nie sonder gebreke nie. Dit is 'n film van kontraste waarin die onskuldige natuurkind gekonfronteer word met 'n Cokebottelkultuur waarin ook terroriste opereer. Dit maak dan van die film ook veel meer as 'n blote klug.**

Om die Boesmans se onskuld uit te beeld, word aanvanklik van 'n verteller gebruik gemaak wat mens amper aan 'n dokumentêre film oor die Krugerwildtuin laat dink.

My vernaamste beswaar teen die film is dat dit nie nuut is nie. In velerlei opsig is die film 'n blote voortsetting van die Jamie Uys-tradisie. Die bakkie sonder handrem en die klippepak-episode, die dametjie wat op 'n klip sit en wag, die besondere oopmaak van die deur, die skoonmaak van die motorruit, die besoek waartydens alles omgestamp word en ander vergestaltings van onbeholpenheid — hoewel geslaagd — dateer weliswaar uit Jamie Uys se vorige rolprent „Daar doer in die bosveld" wat op sy beurt vervang is met „Die bosvelder". Hierdie identiese nabootsing bevraagteken enige kunstenaar se kreatiwiteit.

Hoewel Jamie Uys in sy vroeër rolprente „meer onbeholpe" voorgekom het, bewys Marius Weyers homself weer as topakteur. Sandra Prinsloo se rol verg nie veel van haar nie en as skoonheid 'n kunsnorm was, dan het sy weer eens daaraan voldoen.

Alle eer aan die skitterende Boesman wat in sy rolvertolking saam met die regisseur 'n besondere simpatie en deernis jeens die natuurkind wek. In hierdie verband is veral die slot uiters geslaagd.

Ook hier moet ongelukkig gemeld word dat die tema van die edel barbaar in die stad (soos ook uitgebeeld in „Dingaka") nie nuut is in 'n Jamie Uys-film nie. Verder maak die vervaardiger hom skuldig aan wat genoem kan word „slordige tegniese bedrog" waar 'n polisievoertuig die oomblik na botsing ewe skielik ongedeerd voortjaag. Die versnelling van die filmspoed plek-plek is hinderlik en die koördinering van beeld en klank spesifiek by 'n Sandra Prinsloo-toneel het effens gepla.

Een ding staan egter vas: Jamie Uys het 'n oog vir die komiese oomblik. Die vervlegting van die geweldadige en die komiese is aangrypend, amper banaal. „The gods must be crazy" is gesinsvermaak wat mens toelaat om die teater verlig en met 'n glimlag te verlaat. Ouers hoef ook geen bedtonele te vrees nie.

## Montium gaan stap in Wolkeberge

**MONTIUM bied weer 'n staptoer na die Wolkeberge in Oos-Transvaal gedurende die langnaweek van 9-12 Oktober aan.**

Aangesien daar groot belangstelling vir dié toer was, sal twee groepe van 22 persone elk die toer kan meemaak. Belangstellendes kan met René Reyneke van Liberalia in verbinding tree.

Alle lede en belangstellendes word uitgenooi na die jaarlikse afsluitingsfunksie wat op 18 Oktober by die Gat naby Carletonville gehou word. Die groep sal vroeg Saterdagoggend vertrek en self die rotse bestyg, of net kyk hoe dit gedoen word en die dag in die vars lug geniet.

Die klub hoop om verskeie toere in 1981 te onderneem. 'n Paar plekke wat besoek sal word is die Sederberge in die Kaap, die Namib-wandelroete in Suidwes-Afrika, Lesotho en die Drakensberge.

Almal wat belangstel om saam met Montium 'n toer te onderneem, moet die plakkate dophou en die toervergaderings bywoon.


**Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....**

Vir die roos van jou hart is daar:

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens.

**huis & tuin**

Tomstraat 82b, Die Bult
Tel. 4841



**Oulike koppies vir sleeptyd**



en talle ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

**Insleep** -geskenkwinkel
Gift Shop
TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033



**MODEL-SKOENWINKEL — CHECKERS-SENTRUM en SKOENSENTRUM — KERKSTRAAT**

Vir die jongste modes in skoene




OIP-105113



**guys & dolls**

vat dit kop toe!







Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!

Die uwe,
GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.




# Olienhout klop Caput



● *Caput op die aanval in die wedstryd wat op Lentedag teen Olienhout gespeel is.*

**DIE wedstryd tussen Pukke en Tukkies het rampspoedig geëindig vir Caput met 'n telling van 14-6 in die guns van Olienhout. Caput het vir groot opwinding gesorg met die eerste drie van die wedstryd. Teen die einde van die eerste helfte het die Pukke met ses teenoor vier voorgeloop.**

Die Pukke het 'n goeie wedstryd gespeel, nieteenstaande die feit dat hulle die wedstryd verloor het. Albei spanne se verdediging was goed en hulle kon nie veel met mekaar uitrig nie. Henno Venter het 'n pragdrie gedruk en Nic Snyman het die telling teen die einde van die eerste helfte ses teenoor vier gemaak deur die bal netjies deur die pale te stuur.

Tydens die wedstryd het die spanne mekaar deurentyd van die een helfte van die veld na die ander gejaag met koppe, wat dan ook die wedstryd oorheers het.

In die tweede helfte het die Tukkies duidelik die voortou geneem hoewel die Pukke se verdediging puik was. Dit was ook in hierdie helfte dat hulle nog twee drieë gedruk het, wat dan ook aan hulle die oorwinning besorg het. Strafskoppe is herhaaldelik aan Caput toegeken.

Daar was geen ernstige beserings in die wedstryd nie; dit was 'n skoon wedstryd hoewel die emosies soms hoog geloop het. Die skeidsregter het hom uiters goed van sy taak gekwyt en was deurentyd in beheer van die spel.

# Swemmers kies bestuur

**TYDENS 'n swemvergadering is die nuwe swembestuur gekies. Die voorsitter is Bertie Loots, Eben Pienaar is die ondervoorsitter, die sekretaresse is Theresa Mannes-Wood en die addisionele lid is Arrie Mouton. Die nuwe bestuur wens alle swemmers voorspoed toe vir die komende seisoen en hulle hoop ook dat swem sy merk as sportsoort op die kampus sal maak.**

Die oefentye is reeds vasgestel en almal wat belangstel kan by die PU-swembad kom oefen. Die oefentye is Maandae en Woensdae om 16h30 tot 17h45. Die wat ernstig oefen, kan ook Dinsdae en Donderdae om 17h00 kom oefen.

Swemmers moet nou-al begin oefen aangesien die SAU-span binnekort gekies gaan word. Dit sal vanaf 3 tot 6 Desember in Kaapstad plaasvind.

Waterpolo het ook begin en hulle oefentye is ook Maandae en Woensdae tussen 16h30 en 17h45. Die waterpolo-spanne sal elke Maandag gekies word en die spanne sal dan in weeklikse wedstryde op Woensdae speel.

# Kortsport

### Mini-trampolien

Charlene Geyser, ons Springbok-trampolienspringer, het puik presteer tydens die wêreld trampolien- en tuimeltoernooi wat in Brige (Switserland) gehou is.

In die dubbel-minireeks vir vroue, het Charlene 'n baie verdienstelike derde plek behaal. Dit verdien veral vermelding as mens in ag geneem dat twintig lande aan die wêreldtoernooi deelgeneem het.

### Atletiek

'n Wes-Transvaalse atletiekliga wat tien jaar gelede laas plaasgevind het, sal weer dié jaar aangebied word.

Die beste atletiekklub in Wes-Transvaal word op 'n puntebasis gekies.

Die vyftien beste prestasies per byeenkoms, sal punte behaal vir 'n klub. Die punte word aan mans of dames toegeken. Vier byeenkomste sal gehou word, maar elke byeenkoms sal nie 'n volledige program hê nie.

Die PU-span sal weer vir die trofee, wat vir die afgelope tien jaar in ons vertoonkas gestaan het, meeding. Twee byeenkomste vind vanjaar plaas op 4 Oktober en 29 Oktober. Die ander twee byeenkomste sal volgende jaar op 18 Februarie en 16 Maart gehou word.

## Skubas besoek Wondergat

**DIE onderwaterhokkieklub het reeds twee weke gelede begin oefen en tydens 'n vergadering is die nuwe bestuur vir die komende seisoen gekies.**

Voorsitter : Norman de Villiers, Onder-voorsitter: Deon Pretorius, Sekretaresse: Sylvia Ferreira, Hokkiebeampte: Sandra de Wet, Skubabeampte: Eugene Swanepoel, Penningmeester: W P de Waal.

Die klub beplan interessante dinge vir die nuwe seisoen. Die naweek van die 10de Oktober gaan die skubaspan na die Wondergat. Vir Desembermaand beplan die klub 'n uitstappie na Nature's Valley.

Oefentye is Maandae en Woensdae om 16h30 by die Fanie du Toit-sportterrein. Die SAU-kampioenskappe vind reeds aan die begin van Desember in Port Elizabeth plaas. Die klub het die afgelope jaar goed presteer en een van ons dames, Sylvia Ferreira, het Protea-kleure verwerf. Goeie prestasies word ook in die nuwe seisoen verwag.


# Die sleutel tot 'n goedkoper ryding is een van



# ELCON MOTORS se gebruikte motors

250 GOEIE, GEBRUIKTE MOTORS ALTYD IN VOORRAAD WAARUIT JY KAN KIES

ENIGE FABRIKAAT

SPESIALE AFBETAALVOORWAARDES VIR STUDENTE

Kom gesels met At Jacobs, Pieter Schimpers, Hennie van Rensburg, Piet Loubser, Frank Lewis of Duif Voges by RIVIERSTRAAT 82 of skakel 2-3886/7/8



Betrekking Student

'n Verantwoordelike manstudent om vanaf 15 Desember tot 15 Januarie in 'n padkafee diens te doen en toesig te hou. Salaris onderhandelbaar. Gratis losies beskikbaar. **Vir verdere besonderhede skakel na-ure 2516 of soggens 3223. Mnr Strauss, Vryburg.**

Betrekking Student

'n Verantwoordelike manstudent word benodig om diens te doen en toesig te hou in 'n Melkdepot vanaf 15 Desember tot 15 Januarie. Salaris onderhandelbaar. Gratis losies beskikbaar. **Vir verdere besonderhede skakel Vryburg: 3223 soggens tussen 08h00 en 10h00 of 2516 saans tussen 21h00 en 22h00.**

Deeltyds-tydelike Wetenskaplike Navorsingsassistent word benodig in afdeling psigofonologie vir 1981. Die werk behels die maak van bandopnames en 'n basiese kennis van elektronika is 'n aanbeveling. Vergoeding op uurtarief, 'n minimum van tien uur per week word vereis. **Skakel met prof P E van Jaarsveld in die J Chris Coetzeegebou, derde vloer. Telefoon 2597 of uitbreiding 527.**


(Vervolg van bl. 2)

het, terwyl 12 persent van Karlien se eerstejaars getuig het dat hulle onderworpe was aan „tekkie-parties". Hierdie uitslag moet vir die dames van Klawerhof en Karlien sowel as die res van die Pukke onaanvaarbaar en taamlik lagwekkend wees. Die vraag betreffende drankgebruik was so vaag en wyd geformuleer dat dit hom by uitstek daartoe geleen het om 'n wanindruk te skep — slegs 'n enkele senior wat na drank ruik en deur die koshuis beweeg het, kon die eerstejaars daartoe beweeg om te verondersteI dat seniors tydens oriëntering na drank geruik het.

Hombré se eerstejaars was van die weinige groepe wat hule eie diskresie vrylik en sonder dat enige morele druk op hul uitgeoefen is, by die invul van die vraelys kon gebruik. Deur nie-amptelike navrae het ek vasgestel dat by verskeie van die koshuise duidelike riglyne gestel is met die invul van die vraelyste. Soos telkens in die verlede het Hombré die owerhede se regulasies nie net na die gees nie maar ook na die letter nagekom. Die verslag kan dus geensins aanvaar word as 'n getroue en vergelykende weergawe van die toedrag van sake in koshuise tydens oriëntering nie en allermins in Hombré.

Aan die Pukke wil ek die boodskap deurgee dat Hombré 'n kerngesonde groep manne is in die ware gees van Puk-studente.

**LUKAS VAN DER MERWE HOMBRé**

# Florna

**FLORNA onderneem 'n toer na die Suidkus tydens die Desembervakansie.**

Dit sal net soos in die verlede, gesonde ontspanning in die natuur bied en die studente die geleentheid gee om van die eksamensorge te vergeet.

Die koste van die toer sal nie meer as sewentig rand beloop nie. Die toergroep vertrek op 28 November vanaf die kampus en sal op 7 Desember weer terugkeer.

Die nuwe bestuur van Florna is onlangs bekend gemaak. Hulle is Jaco Venter — Voorsitter, Zietz de Kock — Ondervoorsitter, Riekie Olivier — Sekretaresse, Frik Barnard — Penningmeester, en Hannetjie Ehlers — Addisionele lid.